Suid Afrikaanse Stoeifederasie
South African Wrestling Federation

Mnr HP. Van Heerden
Bloemstraat 29
POTCHEFSTROOM
2531

SEL: 082 701 5616
FAX: 086 567 5616

E-POS: hpvh@vodamail.co.za

20 Augustus 2009

WEB PAGE:- http://www.wrestling.org.za

OMSENDSKRYWE 06/2009

Neem asb kennis van die volgende belangrike punte en verseker asb dat die inligting na almal in die vereniging versprei word.

ADMINISTRATIEWE RAAD SAKE

Admin beamptes moet asb hulle name vir Manie van den Berg stuur die wat kan werk op 16 Oktober 2009 tydens die G-R Kadet Gradering in Pretoria. Sluitings datum vir die name: 3 September 2009.

ONTWIKKELING SAKE

Die Stoeiverenigings moet vir Jan die volgende laat weet:

Die name van die Ontwikkelings stoeiers wat geregistreer is.

Alle Lotto stoeimatte moet verseker wees en in 'n goeie toestand gehou word. Stuur bewys van versekering na Jan.

Wat is die Stoeiverenigings se missie vir ontwikkeling vir 2010. Hulle moet die missie instuur na Jan.

BEAMPTE RAAD SAKE

AFRIGTER SAKE

1. PASPOORTE
   Na aanleiding van die Uitvoerende Bestuur se besluit dat stoeiers by die gradering met 'n paspoort wat ten minste vir 'n jaar geldig moet wees, inweeg is die besluit nou ook van toepassing op afrigters wat hulle self wil beskikbaar stel om saam met 'n span te gaan toer. Met ander woorde Afrigters moet tydens die gradering 'n paspoort toon wat ten minste vir nog 'n jaar geldig is vanaf die dag van die gradering.
   Die reëling is getref omdat ons oneindige probleme het net voor spanne vertrek op internasionale toernooie en kampe.

2. Die FILA afrigters kursusse vir 2009 vind plaas op die volgende datums:
   Greco-Roman, Yerevan (ARMENIE) 29-31 Oktober 2009
   Vroue Stoei, Tunis (TUNISIE) 12-14 November 2009
   Vrystyl Stoei, Sofia (BULGARIA) 26-28 November 2009
   Afrigters wat kwalifiseer om die FILA kursus by te woon, moet teen Vrydag 4 September 2009 hulle nominasies deur stuur vir oorweging
   aan die afrigters komitee, en finale goedkeuring vanaf die Uitvoerende Bestuur.
   Nominasies moet aan Esta van Zyl by evanzyl@phumelela.com gestuur word.

3. Fila het 'n nuwe voorskrif dat die stoeier se naam agter op sy stoei pak moet wees. Dit is reeds 'n vereistes vir die Senior Wêreld Kampioenskappe in Denemarke. Die betrokke stoeier moet dus hulle stoeipakke dienooreenkomstig laat regmaak voor die kampioenskappe. Die vereistes is as volg:
   Die minimum letter hoogte is 7cm en die naam moet in 'n half sirkel vorm bo aan die agterkant van die stoei pak aangebring word. Die land se afkorting moet onder die naam aangebring word. Die logo van die stoeier se nasionale Federasie moet voor op die stoei pak in die middel van die bors geplaas wees. Omdat die stoeipakke baie nou bo voorsien ons 'n probleem en het ons vir uitklaring by Fila gevra. Ons sal u op hoogte hou en u moet dus nie nuwe stoeipakke koop tot ons die finale reëling aan u deurgegee het nie.

4. Die nasionale oefening gaan voort op Woensdae en die datums tot aan die einde van Oktober is as volg:
   19 Augustus 09 – Primrose
   26 Augustus 09 – Primrose
   2, 9, 16, 23, 30 September 09 – NG SAAL Pretoria
   7, 14, 21, 28 Oktober 09 – Primrose
   Die stoeiers wat werk vir plekke in die Commonwealth en Jeug Spele spanne moet die oefening so getrou as moontlik bywoon.

HULP TESOURIER SAKE

Verenigings moet asb probeer om stoeiers se identiteits nommers op die registrasies aan te bring. Data gaan gebruik word om die SAMS program te toets en inligting kan slegs ingevoer word indien identiteitsnommers beskikbaar is. Dit is nie verpligtend vir die jaar nie, maar die verenigings wat reeds die inligting besit kan die registrasie lys op datum bring en dit net weer aan die Hulp Tesourier stuur.
Indien enige onduidelikheid, skakel gerus vir Anna Addinall by 011 916 1117 of 0828014791. E-pos annaa@telkomsa.net

SPANBESTUURDER SAKE

Spanbestuurders wat verkies word om ‘n span na die buiteland te vergesel moet asseblief ten minste die groot kamp net voor die toer vertrek bywoon waar die hele span saam oefen sodat hy/sy die span kan leer ken en belangrike sake te kan afhandel.

FINANSIELE SAKE:

ALGEMEEN:

KORRESPONDENSIE:
Alle korrespondensie na die Federasie moet asseblief op die vererniging se briefhoof gedoen word om soodoende geldigheid aan die skrywe te gee. Skrywes wat net per e-pos gestuur word sal nie meer hanteer word nie aangesien dit voorkom dat enige persoon die Federasie kontak en die betrokke vereeniging nie van die skrywes bewus is nie.

BUITELANDSE STOEIERS:
Indien u vereeniging buitelandse stoeiers nooi na u toernooi moet die name van die buitelandse stoeiers so gou as moontlik met sy volle besonderhede na die Sekretaris-Generaal deurgestuur word sodat hy met die betrokke land se Federasie kan bevestig dat die stoeiers wel geregistreer is in daardie land. Daar is baie kaansvatters daar buite en u moet op u hoede wees. Stoeiers van die buiteland wil net visas bekom om weg te kom uit hulle lande. Daar moet 'n brief van hulle Stoei fFederasie wees wat bevestig dat hulle toestemming het om na Suid Afrika te kom en die name moet bevestig word.

PASPOORTE:
Permanente paspoorte sal ‘n vereiste word met graderings deelname in die toekoms en moet getoon word tydens die inmeet beginende 2010.
Verenigings moet ouers aanmoedig om paspoorte uit te neem vir die stoeiers sodra die stoeier 15 jaar oud is. Indien die stoeier wel in besit van ‘n geldige paspoort maar dat die veval datum naby is moet die stoeier vroegtydig aansoek doen vir ‘n nuwe paspoort en dan moet die bewys van die aansoek byderhand wees asook ‘n afskrif van die ou paspoort.

Beamptes, Afrigter en Spanbestuurders wat van plan is om buiteland toe te gaan moet ook asseblief vroegtydig hul dokumente in orde hê.
Om veilig te wees maak altyd seker jou paspoort is vir die volgende twalf maande geldig.

Paspoorte sal ‘n vereiste word met graderings deelname in die toekoms en moet getoon word tydens die inmeet beginende 2010, waar die graderings toernooi geskoei word op Internationale toernooie moet mens in elk geval ‘n paspoort by die skaal toon.
Verenigings moet ouers aanmoedig om paspoorte uit te neem vir die stoeiers sodra die stoeier 15 jaar oud is.

VEBODE MIDDELS:
Stoeier moet asseblief seker maak dat hulle nie verbode middels gebruik nie. Maak seker dat as jy mediese behandeling moet kry dat die dokter en apteeker weet dat jy ‘n stoeier is en nie net ‘n sportman/vrou nie. Ander sport laat party middels toe wat stoei nie toelaat nie. In die jy internasionaal getoets word en skuldig bevind word kan ‘n boete van 10000 swiss fank (± R80 000) opgelê word waarvoor die stoeier verandwoordelik sal wees. Dit kan nie van die Federasie verwag word om vir die stoeier se vebode plesierkies pa te staan nie.

Vriendelike Stoeie Groete

Hennie van Heerden